

PROSPEKTUS 2022

HOËRSKOOI MONTANA

DIÉ BAKEN VAN GROEI EN GELUK

#1 TOP AKADEEMIESE SKOOL
IN TSHWANE-NOORD



PUREMONTANA

Die skool waar
GELUKKIGE leerders
groeï tot volle potensiaal

Die skool waar almal
soos 'n familie voel en
mekaar met
RESPEK behandel

Die skool waar leerders
KWALITEIT
onderrig ontvang

Die skool vir
JOU!

DIE TUISIE VAN GELUKKIGE LEERDERS

KOM ONTDEK JOU PLEK!



DIÉ BAKEN VAN GROEI EN GELUK IN DIE GEMEENSAP.

MISSIE

Die opvoeding van leerders tot verantwoordelike individue met 'n impak op die toekoms deur:

- Die handhawing, beskerming en bevordering van:
 - gemeenskapsgesentreerdheid;
 - hoë kwaliteit onderrig en akademiese standaarde;
 - presterende buite-kurrikulêre aktiwiteite
- Die uitbou en uitleef van die bestaande:
 - karakter en etos van die skool
 - leuse van die skool
 - vennootskap tussen die skool en sy gemeenskap
- 'n Skoolomgewing te vestig waar elke leerder gelukkig kan wees.

Ek is 'n trotse Montie! Ons presteer in alle areas, van kultuur tot sport. Ons waardes en gees maak dit lekker om hier skool toe te gaan. Ek is gelukkig hier, want ek voel nie net soos 'n nommer nie, maar deel van 'n groot familie - die Montie familie! Goeie vriende en lekker gees. Dis awesome om 'n Montie te wees!

- TRISTAN NEL



KERNWAARDES

INTEGRITEIT:

Ons benader elke kind en taak met die hoogste agting, totale eerlikheid, opregtheid en professionaliteit.

UITNEMENDHEID:

Ons strewe na voortreflikheid op akademiese-, sport- en alle ander lewensterreine. Daarom leef en werk ons toegewyd aan ons taak om met trots die hoogste sport te bereik.

KREATIWITEIT:

Ons is deelgenote in die toekoms, styl, ideale en visie vir ons skool. Dus neem ons eienaarskap en verantwoordelikheid om elke uitdaging met visionêre denke saam die hoof te bied.

GELOOFSWAARDES:

Ons kernkarakter is aanvaarbare geloofswaardes soos deur die gemeenskap bepaal.

Ek is 'n gelukkige Montie omdat Montana soos 'n groot familie is. Dis 'n plek waar ons almal voel ons behoort.

- MIGNON EVANS



Hoërskool Montana streef daarna om vir almal om te gee. Daar is ondersteuning onder mekaar en 'n Christelike fondasie is gelê. Elke Montie het 'n spesiale plek in die skool en ons volg die skool se leuse met vrymoedigheid.

- CHANÉ DOREY



EREKODE VAN MONTIE-LEERDERS

- Ons gee die ereplek aan God en Sy Woord in ons lewe en streef ons etiese lewensbeginsels na.
- Ons staan vir ons Land en ons Nasie en verdedig dit met hart en siel.
- Ons dien ons skool getrou en handhaaf sy goeie naam met woord en daad.
- Ons streef daarna om vriendelik, hulpvaardig en diensvaardig te wees teenoor ons medemens, veral teenoor die swakkeres en eensames.
- Ons gehoorsaam en respekteer ons ouers en onderwysers en gedra ons hoflik teenoor ons gelykes, ons meerderes en minderes.
- Ons glo dat elke mens 'n lewenstaak het om te vervul; daarom woeker ons met die talente wat aan ons toevertrou is.
- Ons streef daarna om te alle tye en onder alle omstandighede gedissiplineerde, koersvaste Landsburgers te wees.
- Ons woord is ons eer.
- Ons is daarop gestel om onself, ons werk en ons omgewing netjies en skoon te hou.
- Ons glo dat sukses geleë is in die presiese, korrekte en nougesette uitvoering van opdragte.
- Ons glo dat integriteit die hoeksteen vorm van wysheid.



SIMBOLIEK VAN ONS SKOOLWAPEN

By: Hardwerkendheid. Verbintenis met Pretoria se stadswaapen waarop bye voorkom.

Hoekige skildhoof: Simboliseer die Magaliesberg suid van die skool. Simboliseer die noodsaaklike verhouding tussen ouer, kind en onderwyser.

DIE MONTIEKORF GROEI UIT SY NATE

1 600 LEERDERS KIES OM HIER TE WEES

Die droom van 'n nuwe hoërskool het op 1 Oktober 1980 'n werklikheid geword. Op 11 Desember 1980 word agt klaskamers en die laboratorium oorhandig en op 7 Januarie 1981 word Hoërskool Montana amptelik geopen met 'n halfvoltooide gimnastieksaal, 285 leerders en 16 personeellede.


Die getalle het vinnig vermeerder:

- In 1983 groei die leerdertal tot 609 en die standerdgroepe is voltallig.
- In 2002 staan Hoërskool Montana se leerdertal op 831.
- In 2010 is daar 1 428 leerders, waarvan 301 graad agt leerders is.
- Die skool word in 2012 tot die hoogs moontlike vlak (P5) gegradeer.
- In 2013 groei die leerdertal steeds - 1 462.
- Die skool hou aan groei - in 2016 is die 1 600-kerf oorgesteek!

Daar is die afgelope paar jaar 'n rekordgetal inskrywings vir graad 8 en verlede jaar kon ons net meer as 300 leerders plaas uit meer as 1 000 aansoeke.

Almal wil 'n Montie wees! Dis 'n voorreg!

GROEI IN LEERDERTAL



FASILITEITE

Hoërskool Montana beskik oor uitstekende fasiliteite wat deurlopend uitgebrei en verbeter word. Instandhouding van die geboue en terrein geniet hoë prioriteit en ons is baie trots op ons pragtige terrein.

Ons beskik tans oor die volgende fasiliteite:

- Klaskamers met dataprojektors en internettoegang
- 3 Rekenaarsentrums
- 5 Goed toegeruste laboratoriums
- Konferensielokaal
- Hoë kwaliteit sportvelde en –bane met spreiligte en tartan-aanlope by van die veld-items
- Eerste astro hokkiebaan in die noorde van Pretoria – met spreiligte
- Bergfietsbaan op die terrein
- Opgegradeerde, goed toegeruste gimnasium vir gebruik deur alle sportdissiplines
- Opgegradeerde pawiljoen, badkamers en aantrekkamers
- Biokinetikus en kondisioneringspesialis op die terrein
- Nuwe moderne kafeteria, "Die Korf", met 'n pragtige uitsig oor die rugbyveld en hokkie astrobaan
- Nuutgeboude sportkantore op die boonste vlak van die kafeteria
- Nuwe krieketsentrum met 4 binnenshuise krieketnette met 'n onthaalarea op die boonste vlak
- Onthaallokaal
- Gekontroleerde toegang tot die terrein
- 'n Nuwe veeldoelige saal
- 'n 6-baan warm swembad
- Sekuriteitskameras
- Reënwater opgaarstelsel met opgaardam
- Kragopwekker

Ons nooi u uit om die virtuele toer te volg om ons pragtige terrein en fasiliteite te besigtig: <http://360virtualtours.co.za/hsmontanapretoria/index.html>



By Hoërskool Montana is ons leuse **"GLO EN WERK"**. Dit word gedurende hul hoërskoolloopbaan 'n persoonlike leuse vir ons leerders en dit reflekteer ook jaarliks in die matriekuitslae en ander prestasies. Monties is keer op keer die #1-skool in die distrik. Ons bied nie prestasiebeurse aan om leerders te werf nie, maar daar word wel finansiële toekennings gemaak aan dié Monties wat akademies presteer.

MONTIES 2021 VAAR UITSTEKEND

Die matriekgroep van 2021 het, soos die vorige matriekgroepe, baie goed gevaar. Die groep van 280 het 'n slaagsyfer van 99,6% en 'n klasgemiddeld van 65,6%. 97,84% van die groep (274) kan hul studies by 'n tersiëre inrigting voortsit. 249 slaag met universiteitsvrystelling - 88,92% - **die hoogste in die skool se geskiedenis**, en 8,92% van die groep slaag met diplomavrystelling.

ONDERSKEIDINGS

Die groep behaal 370 x A-simole, 466 x B-simbole en 505 x C-simbole. 7 leerders behaal 'n voltal onderskeidings, 11 leerders behaal 6 onderskeidings, 5 leerders behaal 5 onderskeidings en 15 leerders behaal 4 onderskeidings.

Die TOP 10 behaal 'n gemiddeld van 88,01%. 2 Leerders se gemiddeld is bo 90%, 'n verdere 28 bo 80% en 'n verdere 71 leerders se gemiddeld is bo 70%.

VAKINLIGTING

Die vakgemiddeldes is ook iets waarop ons trots is. 6 vakke het 'n gemiddeld bo 70% en 12 vakke bo 60%. 18 uit 25 vakke het 'n 100%-slaagsyfer.

Gemiddelde is gewoonlik 'n tussenwaarde van 'n reeks waarnemings of hoeveelhede en kan soms misleidend wees indien genoegsame inligting nie daarmee saam bekendgemaak word nie. **Die hoeveelheid waaruit die gemiddeld bereken word, is bepalend.** Vir hierdie rede noem ons graag die aantal leerders wat sekere vakke geneem het, tesame met die vakgemiddeld en slaagsyfer:

- Wiskunde: 136 kandidate behaal 'n vakgemiddeld van 62,3%, 99,3% slaagsyfer en 17 onderskeidings
- Fisiese Wetenskappe: 103 leerders met 'n vakgemiddeld van 62%, 97,1% slaagsyfer en 19 onderskeidings
- Rekeningkunde: 62 leerders met 'n vakgemiddeld van 69,3%, 98,4% slaagsyfer en 15 onderskeidings.

Hoërskool Montana was die trotse gasheer van Distrik Tshwane-Noord se prysuitdelingsfunksie, waar ons aangewys is as die **Beste Akademiese skool in Tshwane-Noord!**

MATRIEKRESULTATE OOR DIE LAASTE 10 JAAR

JAAR	SLAAG SYFER	AANTAL A-SIMBOLE	UNIVERSITEITS VRYSTELLING	ANDER PRESTASIES
2021	99,64%	370	88,92% Meeste in die skool se geskiedenis	➤ BESTE SKOOL IN TSHWANE-NOORD • Meeste graad 12-kandidate wat universiteitstoelating ontvang het (249 – ook persentasiegewys 88,92%) • Nommer 2- leerders in die distrik ➤ Top 10 se gemiddeld is 88,01%, die Top 20 se gemiddeld is 85,9%, die Top 30 leerders behaal elkeen 'n gemiddeld bo 80% en 'n verdere 31 kandidate behaal 'n gemiddeld bo 75% en nog 40 kandidate met 'n gemiddeld bo 70% ➤ Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 6 vakke bo 70% en nog 12 verdere vakke bo 60%; 18 uit 25 vakke het 100% slaagsyfer. 2 Vakke beste prestasie in die distrik

Die onderwysers is van die liefste en hulle help jou om jou sodat jy jou beste kan bereik. Elke on vergeetlik maak. Montana is die skool waar ek myself en my hartsvriende gevind het.

- CARLISA JORDAAN

Ek is 'n gelukkige Montie, omdat die skool se waardes ooreenstem met dit wat ek in my lewe aanhang. Die skool vorm deel van my trots en help my om te streef na die beste weergawe van myself wat ek kan wees.

- PHILIPP DU PLESSIS

MATRIEKRESULTATE OOR DIE LAASTE 10 JAAR

JAAR	SLAAGSYFER	AANTAL A-SIMBOLE	UNIVERSITEITS VRYSTELLING	ANDER PRESTASIES
2020 MONTIES SE BESTE JAAR OOI!	99,3%	436	88,3%	➢ TIENDE BESTE presterende hoërskool IN GAUTENG – uit byna 900 skole ➢ BESTE SKOOL IN TSHWANE-NOORD • 99,3% slaagsyfer • Meeste graad 12-kandidate wat universiteitstoelating ontvang het (249 – ook persentasiegewys 88,3%) • Meeste onderskeidings in die distrik (436) – ook die meeste in die skool én die distrik se geskiedenis die afgelope dekade • Top 3 leerders in die distrik plus nog 4 leerders in die Top 10 ➢ Top 10 se gemiddeld is 92,2%, die Top 20 se gemiddeld is 89,74%, die Top 47 leerders behaal elkeen 'n gemiddeld bo 80% en 'n verdere 17 kandidate behaal 'n gemiddeld bo 75% en nog 47 kandidate met 'n gemiddeld bo 70% ➢ Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 1 vak bo 80%; nog 6 vakke bo 70% en nog 12 verdere vakke bo 60%; 20 uit 25 vakke het 100% slaagsyfer ➢ SOS-ERETOEKENINGS aan skole regoor Suid-Afrika • Top 10-skool vir 34 onderskeidings in Rekeningkunde • Top 20-Afrikaanse skool vir 436 onderskeidings (#16) ➢ WISKUNDE: 13de in die land. 58% van die graad 12's neem die vak (165). 42 onderskeidings. 100% slaagsyfer ➢ REKENINGKUNDE: 7de in die land. 27% van die graad 12's neem die vak (76). 34 onderskeidings. 100% slaagsyfer ➢ FISIESE WETENSAPPE: 20ste in die land. 45% van die graad 12's neem die vak (127). 28 onderskeidings. 96.1% slaagsyfer ➢ AFRIKAANS HT: 18de in die land. 33 onderskeidings. 100% slaagsyfer
2019	99%	274	78,9%	➢ Meeste kandidate met universiteitsvrystelling in Tshwane-Noord ➢ Meeste onderskeidings in Tshwane-Noord ➢ Top 10 se gemiddeld is 84,8%, die Top 16 leerders behaal elkeen 'n gemiddeld bo 80% en 'n verdere 26 kandidate behaal 'n gemiddeld bo 75% en nog 38 kandidate met 'n gemiddeld bo 70% ➢ Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 2 vakke bo 70%; 12 vakke bo 60%
2018	100%	353	83,9%	➢ NEGENDE BESTE presterende hoërskool IN GAUTENG – uit 902 skole ➢ TOP SKOOL IN TSHWANE-NOORD ▪ 100% slaagsyfer ▪ Meeste graad 12-kandidate wat geslaag het (317) ▪ Meeste graad 12-kandidate wat universiteitstoelating ontvang het (266) – ook persentasiegewys 83,9% ▪ Meeste onderskeidings in die distrik (353) ➢ Top 10 se gemiddeld is 87%, die Top 26 leerders behaal elkeen 'n gemiddeld bo 80% en 'n verdere 25 kandidate behaal 'n gemiddeld bo 75% en nog 41 kandidate met 'n gemiddeld bo 70% ➢ Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 4 vakke bo 70%; 15 vakke bo 60%; 19 uit 25 vakke het 100% slaagsyfer

Hoërskool is wat jy daarvan maak en ek kan verseker sê dat my hoërskooljare vir my lekker was. Ek het die hope geleenthede wat die skool bied, aangegryp - soms uit my gemaksones, maar dit het my lewe verander. Ek het besluit ek gaan 'n gelukkige Montie wees en so is dit ook. Vyf wonderlike jare!

- JOHNNY WILKONSON

MATRIEKRESULTATE OOR DIE LAASTE 10 JAAR

JAAR	SLAAG SYFER	AANTAL A-SIMBOLE	UNIVERSITEITS VRYSTELLING	ANDER PRESTASIES
2017	99,6%	285	77,6%	➢ Hoogste persentasie universiteitsvrystelling in Tshwane-Noord ➢ Meeste onderskeidings in Tshwane-Noord ➢ Top 10 se gemiddeld is 86,8%, die Top 20 leerders behaal elkeen 'n gemiddeld bo 80% en 'n verdere 30 kandidate behaal 'n gemiddeld bo 75% en nog 31 kandidate met 'n gemiddeld bo 70% ➢ Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 3 vakke bo 70%; 17 vakke bo 60%; 20 uit 23 vakke het 100% slaagsyfer ➢ Die kriteria wat gebruik word om uitslae van skole te gradeer, is die somtotaal van: • Aantal leerders wat slaag • Aantal leerders met universiteitsvrystelling • Aantal onderskeidings • Slaagsyfer Op bogenoemde is Hoërskool Montana se uitslae die beste in Tshwane-Noord vir 2017.
2016	100%	346	73,5%	➢ BESTE AKADEMIESE SKOOL IN TSHWANE-NOORD ➢ Top 10 se gemiddeld is 87,3%, die Top 21 leerders behaal elkeen 'n gemiddeld bo 80% en 'n verdere 72 kandidate behaal 'n gemiddeld bo 70% ➢ Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 2 vakke bo 70%; 12 vakke bo 60%; 15 uit 21 vakke het 100% slaagsyfer ➢ 7 Onderwysers aangewys as die beste in die Distrik, waarvan 3 in die Top 3 in Gauteng
2015	99,3%	272	70,3%	➢ Top 16 se gemiddeld is almal bo 80%, met 'n verdere 60 kandidate se gemiddeld bo 70% ➢ Uitstekende vakgemiddeldes: 3 vakke bo 70%; 11 vakke bo 60%
2014	100%	265	75,3%	➢ Top 10 se gemiddeld is 86,75%, die Top 22 leerders behaal elkeen 'n gemiddeld bo 80% en 'n verdere 44 behaal 'n gemiddeld bo 70% ➢ Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 4 vakke bo 70%, 12 vakke bo 60%
2013	99%	188	70%	➢ Top 10 leerders behaal elkeen 'n gemiddeld bo 80% en 'n verdere 48 behaal 'n gemiddeld bo 70% ➢ Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 10 vakke bo 60%, met Visuele Kuns 79,5%
2012	100%	371	73,2%	➢ TOP 10 SKOOL IN GAUTENG (uit 785 skole)

ANDER GRADE SE UITSLAE IS DEURLOPEND VAN DIE BESTE IN TSHWANE-NOORD. 2021 SE GEHEELSKOOL SLAAGSYFER: 98,9%.

VAKKE AANGEBIED: GRAAD 8 EN 9

Agt verpligte vakke word aangebied:

- Amptelike Eerste Taal en Eerste Addisionale Taal
- Wiskunde
- Lewensoriëntering
- Natuurwetenskappe (Fisiese- en Lewenswetenskappe)
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Rekeningkunde en Besigheidsstudies)
- Tegnologie
- Kuns en Kultuur (Kuns, Musiek, Dans en Drama)
- Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis en Geografie)

Ek is 'n gelukkige Montie omdat Hoërskool Montana ons as leerders altyd eerste stel en alles in hulle vermoë doen om net die beste vir ons te bied - soos byvoorbeeld die nuwe kafeteria en krieket-sentrum. Ek is baie trots om 'n Montie te wees! - GERHARD BREYTENBACH

Tydens 'n vakkeuse inligtingsaand wat jaarliks vir graad 9-leerders en -ouers aangebied word, word aspekte rakende die vakkeuses, toelatingsvereistes tot tersiêre inrigtings en ander relevante inligting bespreek.

VAKKE AANGEBIED: GRAAD 10 TOT 12

AKADEMIESE STUDIERIGTING

VERPLIGTE VAKKE

- ✓ **Amptelike Eerste Taal**
- ✓ **Eerste Addisionele Taal**
- ✓ Wiskunde OF Wiskundige Geletterdheid
- ✓ Lewensoriëntering

KIES DRIE VAN DIE VOLGENDE VAKKE:

- | | |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> ✓ Fisiese Wetenskappe *** ✓ Lewenswetenskappe ✓ Rekeningkunde *** ✓ Besigheidstudies ✓ Ekonomie ✓ Rekenaartoeepassings tegnologie ✓ Inligtingstegnologie ✓ Ingenieursgrafika & -ontwerp | <ul style="list-style-type: none"> ✓ Elektriese Tegnologie ✓ Siviele Tegnologie ✓ Toerisme ✓ Geografie ✓ Geskiedenis ✓ Verbruikerstudies ✓ Visuele Kunste ✓ Dramatiese Kunste |
|--|---|

'n Keusevak kan alleen aangebied word indien 'n voldoende aantal leerders die vak neem.

***Hierdie vakke mag slegs saam met Wiskunde geneem word.

TEGNIËSE STUDIERIGTING

GROEP A

- ✓ Afrikaans Huistaal
- ✓ English First Additional Language
- ✓ Lewensoriëntering
- ✓ Wiskunde
- ✓ Fisiese Wetenskappe
- ✓ Ingenieursgrafika en -Ontwerp (IGO)

Elektriese Tegnologie **OF** Siviele Tegnologie

Departementele voorskrifte oor minimum leerders per vak is veral hier van toepassing.



Ek is 'n gelukkige Montie want Hoërskool Montana is die skool waar ek voel ek behoort.
- RICHARD MUNRO

Monties ondersteun mekaar, in lekker, maar ook moeilike situasies. Dit is lekker om te weet dat my skool my sal ondersteun in alles wat ek aanpak. Dit maak my gelukkig om 'n Montie te wees.

- JANELL MAARTENS

KLASKAMERGETALLE

Klasgroottes word beperk tot die moontlike minimum sodat klasse te alle tye hanteerbaar is.

Akademie is eerste prioriteit by Hoërskool Montana, maar ons beskou deelname aan sport en kultuur as 'n belangrike deel van 'n gebalanseerde kind se opvoeding. Leierontwikkeling is ook vir ons 'n prioriteit.

BUIE-KURRIKULÊR

Hoërskool Montana bied op 'n wye terrein geleentheid aan al ons leerders om aan 'n verskeidenheid aktiwiteite deel te neem en gee graag erkenning, selfs vir buiteskoolbetrokkenheid.

Deelname word hoog aangeskryf en aangemoedig omdat dit soveel opvoedingsmomente bevat. Ons glo dat leerders 'n gesonde, gebalanseerde lewenswyse moet handhaaf. 'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees. Leerders kan na hartelus hul talente en belangstellings met passie uitleef by Hoërskool Montana.

Ons moedig ook ouerbetrokkenheid by die skoolaktiwiteite aan om sodoende ideale samewerking tussen skool, ouer en kind te bewerkstellig.

KULTUUR

Hoërskool Montana is 'n kultuur-oase waar leerders 'n totale metamorfose ondergaan. Leerders ontdek nuwe talente en drome, kry geleentheid om dit uit te leef, horisone te verbreed en sommer net pure pret te ervaar, terwyl kreatiwiteit seëvier. Monties verlaat die skool altyd met meer selfvertroue as waarmee hulle ingestap het. Ons koppel hierdie gebalanseerde ontwikkeling weereens aan gelukkig-wees.

Leerders kan hulle uitleef in die volgende aktiwiteite:

ATKV-Tienertoneel	CSV	Debat	Drama	Presentation Skills
Public Speaking	Oratorsfees	Kunswedstryde en Eisteddfods	Kunsuitstalling en Drama-Aand	Montie Artés
Koor	Redenaars	Revue	Toneelfees	Voortrekkers

(Weens Covid 19 was daar ongelukkig min geleenthede waarin ons in 2021 kon deelneem. Ons vertel graag van vorige hoogtepunte, waar van toepassing).

ATKV-TIENERTONEEL: Die skool skryf jaarliks 'n toneelgroep in om deel te neem aan die ATKV-Tienertoneelkompetisie, asook die "Op die planke"-toneelfees, Allegretto-toneelfees en Pronkpodium. Dit vind plaas vanaf Junie tot Augustus. Dit is landwyse kompetisies, die standaard is baie hoog en die kompetisie straf. Die teks word deur me. Carina Coetzee geskryf. Tydens die kompetisies van 2021 het die leerders weggestap met verskeie goue (85%-100%), silwer (75%-85%) en brons (70%-75%) sertifikate. Dit is 'n opwindende aktiwiteit wat elke jaar met verskillende benaderings eksperimenteer en waarin die Monties uitstekend vaar.

CSV: Leerders kry Woensdae tydens tweede pouse geleentheid om saam met ander leerders en 'n geestelike leier of groep uit die omgewing, op geestelike vlak te groei en sommer net saam te gesels. Vir baie leerders is dit 'n weeklikse hoogtepunt. Monties fokus jaarliks vir 'n hele week op hierdie tema tydens die Toewydingsweek. Op 17 Februarie het die CSV-span 'n lof- en aanbiddingsaand gehou. Dit was 'n groot sukses en baie nodig tydens hierdie uitdagende tye. Ons sien baie uit na ons volgende geleentheid later vanjaar.

DEBAT: Debat is 'n aktiwiteit waarin mens nie net jou praatvermoë op die spel plaas nie, maar ook op jou voete moet dink. Dit leer leerders die vaardigheid om 'n saak van albei kante te bekyk en te beredeneer. Dit stel 'n uitdaging daar om alledaagse denkwyses tot die uiterste te toets en standpunt te kan inneem oor wat feitlik korrek is. Ons neem deel aan die ATKV-debat, waar ons elke jaar poog om ons debatte te wen. Daar is ook Engelse debat. Dink of Sink is ons hoogtepunt van die jaar, waar ons die kennis en ervaring toepas in onvoorbereide debatte. Ons is baie bly dat die Covid-pandemie en al sy uitdagings ons uiteindelik weer toelaat om ons passie uit te leef.

DRAMA/REVUE: Hoërskool Montana bied elke 4 tot 5 jaar 'n jaarlikse Revue aan. Die Revue van 2019 "Serendipity" was 'n ongelooflike ervaring vir elke deelnemer. Ons sien daarna uit om weer Revue aan te pak tydens 2023/2024. Soos altyd, sal dit 'n aanbieding wees waarop ons BAIE trots kan wees.

DRAMAKLUB: Dramaklub is vir enige Montie wat 'n bietjie wil lag en stres wil ontlaai. Die leerders geniet dit baie en leer op 'n gemaklike manier om voor ander te praat en hul selfvertroue te verbeter. Daar is geen kompetisiekomponent betrokke nie. Klasse word een maal per week gratis aangebied.

PRESENTATION SKILLS: Numerous opportunities exist for learners to take part in Public Speaking. The Senior and Junior Internal Public Speaking competitions take place in the first term. At the same time learners are invited to take part in the Van Huyssteen's Orators Competition, either as individuals or in teams. Learners are invited to attend a six-week course in Public Speaking, called Presentation Skills. It culminates in a gala event where participants get the opportunity to showcase their newly acquired skills. We invite the winners to take part in the English Evening and also the Poetry Slam. In the middle of the year can learners participate in Radikale Redenaars (both English and Afrikaans), On the Tip of my Tongue and the National Public Speaking Interschools League. We also take part in Debating.

KUNSWEDSTRYDE EN EISTEDDFODS: Ons leerders neem onder andere deel aan die Pretoria Eisteddfod, die Noorderkruin Kunstefees en die Afrikaanse Kunsvereniging van Pretoria. Hulle presteer elke jaar uitstekend. In 2021 het ons leerders verskeie A++, A+ en A-simbole behaal, asook verskeie leerders wat kategoriewenners was. Ons leerders is gereelde trofee-wenners. Tydens 2019 het die skool ook 'n trofee by die Kunsvereniging van Pretoria ontvang vir die Beste Hoërskool in Ligtemusiek.

KUNSUITSTALLING EN DRAMA-AAND: Die kunsleerders werk baie hard aan hul praktiese take en ons spog graag met ons talentvolle Monties se werke. Dit word in die saal uitgestal en sekere leerders kry ook geleentheid om 'n dramastuk of twee op te voer. Dit vorm deel van die Kultuurprysuitdeling en is jaarliks 'n hoogtepunt-geleentheid.

MONTIE ARTÉS: Tydens die Montie Artés kry leerders die geleentheid om 'n droom uit te leef en selfs verborge talente te ontdek. Kategorieë waarin deelgeneem kan word, sluit in: literatuur (skryfkuns), musiek (sang of instrumentaal), drama, visuele kuns, kookkuns en tegnologie.

KOOR: Montana Koor bestaan uit 'n groep dinamiese jongmense wat lief is vir die lewe en musiek. Onder leiding van ons puik dirigent en begeleier presteer die koor elke jaar net nóg beter. Ons is trots om te kan spog met goud by ATKV-applous in 2019. Ons neem deel aan verskeie koorfeeste en kompetisies. Ons droom om aan Europese koorkompetisies deel te neem, is deur Covid-19 tot halt geroep, maar ons hou aan droom! Drome word wél nog waar. Tot dan sing ons ons harte uit!

REDENAARS: Montie-redenaars beloof om 2022 aan die brand te praat. Ons jaarlikse uitdun-interne kompetisie was baie gewild en het 'n hele paar nuwe deelnemers opgelewer. Die senior

redenaars het veral graad 10-sprekers ingesluit wat dié jaar hul praattalent ontdek het. Dit stop egter nie by hulle nie. Die juniors (veral met die ywer van ons nuwe graad 8-Monties) gaan nog hoë hoogtes bereik. Ons is dankbaar Covid-19 het begin kwyn sodat ons kompetisies weer kan terugkeer na ons normaal. Leerders neem dus vanjaar weer deel soos tevore, voor die blik van 'n paneel en 'n gehoor. Ons sien uit na hul dapperheid en bravade waarmee hulle hierdie jaar se redenaars gaan aanpak.

TONEELFEES: Ons bied hierdie jaar weer 'n Toneelfees aan waar die graadgroepe teen mekaar meeding. Die hoogtepunt is die Prestige-aand, waar al die wentonele optree, asook die ATKV-toneelgroep. Afrikaanse- en Engelse tonele word opgevoer. Die beste senior- en junior tonele en akteurs/aktrises word ook aangewys. Selfs die onderwysers kry geleentheid om hulle talent op die verhoog uit te leef en hulle sorg gewoonlik dat die gehoor skaterlag. Die Toneelfees is voorwaar iets om op die kalender aan te teken!

VOORTREKKERS: 'n Presidentsverkenner is 'n verkenner wat die beginsels wat hy aanhang en uitleef, vanuit 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing, laat voortspruit, wie se gesag as leier aanvaar word, waarvan die vier fasette van sy menswees (verstand, gees, gevoel en liggaam) in balans is en wat groei toon in die ontwikkeling daarvan. Heelwat Monties behoort aan die Voortrekkers en baie leerders ontvang jaarliks spogtoekennings.

SOSIAAL

Dis 'n absolute féés om 'n Montie te wees! Op die sosiale front is daar heerlike geleenthede om nuwe vriende te maak, mekaar beter te leer ken en net lekker pret te hê. Lag is 'n universele taal wat almal verstaan, almal beter laat voel en almal ingesluit laat voel. Monties hou daarvan om te lag. Dis die bloudruk van gelukkig-wees. Dis wie ons is. Laggende, gelukkige Monties wat tuis voel in die Montie-huis. Navorsing het bewys dat emosies prestasie beïnvloed. Ons glo vas dat een van die redes waarom Monties so goed presteer op alle terreine, die feit is dat hulle gelukkig is. Gelukkige Monties word suksesvolle Monties.

'n Wye verskeidenheid aktiwiteite word aangebied:

Groentjekonsert	Valentynsbal	Mnr. & Mej. Montie	Inspirasie-Oggend
Matriekafskeid	Leierskamp	Sosiale ouerfunksies	Geesvang
Montiepret	Fondsinsamelingsfees	Sokkies	

GROENTJIEKONSERT: Die Groentjekonsert is een van die baie hoogtepunte van elke graad 8-leerder se oriënteringsproses. Die graad 8-klasse hou konsert, in oorgawe en met styl! Hierdie is die oorgang na ware Montie-wees.



VALENTYNSBAL: Die "City of love" as tema vir die jaar se Valentynsbal het nie teleurgestel nie! Die geleentheid van die jaar kon verlede jaar nie plaasvind nie, maar hierdie jaar kon die blink uitrustings weer aangetrek word en die gesiggies het geblom. Die dansvloer het gebewe met opgewonde leerders wat nie wou hê die aand moes eindig nie. Flitsende ligte, seer gedansde voete en duisende fotos later was deel van die aand se herinneringe, die beste nóg na "lockdown". Parys, jy was 'n sukses en ons sien reeds uit na volgende jaar se funksie.

MNR. EN MEJ. MONTIE: Mnr. en Mej. Montie is jaarliks 'n spoggeleentheid waaraan die seniors van die skool deelneem. Die deelnemers oefen baie hard vir dié prestige-aand en die aanbidding beïndruk elke jaar net meer en meer. Die finaliste samel fondse in vir minderbevoorregtes, asook diere-organisasies.

Mnr. en Mej. Montie moet ware ambassadeurs van die skool wees wat Hoërskool Montana se naam hoog hou en 'n voorbeeld vir ander leerders stel. Hierdie jaar vind Mnr. en Mej. Montie plaas op 19 Mei en die finaliste tree op saam met Snotkop.

INSPIRASIE-OGGEND: Ons bied jaarliks 'n lekker kuier- en inspirasieoggend aan waar ma's, dogters, oumas en vriendinne heerlik kan saamkuier. Uitstallers kry ook geleentheid om hul produkte ten toon te stel. In 2021 het Lynette Beer die gemoedere kom lig met haar inspirasie en humorsin. Ons sien reeds uit na 29 Oktober - spreker sal nog bevestig word.

MATRIEKAFSKEID: Die hoogtepunt vir elke graad 12-leerder se matriekjaar. Intense beplanning en droom bring die mooiste skeppings na vore. Dan is daar ook die interessante, unieke voertuie wat die mooi prentjies afrond. Die entoesiastiese skare kry die kans om hierdie sprokie te aanskou wanneer die dames en here die idilliese saal binnegaan op die rooi tapyt. Die matriekafskeid is beslis 'n funksie waarop ons baie trots is.

LEIERSKAMP: Gedurende Augustus vind 'n VLR-verkiezing vir die graad 11-leerders plaas. Hierdie verkose groep woon dan 'n VLR-kamp by, waar leier-opleiding gedoen word en beplanning vir die volgende jaar plaasvind. Leerders leer mekaar hier op 'n nuwe vlak ken, wat belangrik is vir spanwerk en leiersvaardighede.

SOSIALE OUERFUNKSIES: Goeie verhoudings met die ouers is baie belangrik by Hoërskool Montana. Tydens die graad 8-oueraand aan die begin van die jaar, en ook ander geleenthede, word ouers genooi na 'n lekker saamkuier-geleentheid, waarvan die personeel en beheerliggaamlede deel is. Goeie verhoudings word so om die braaivleisvure gevorm.



GEESVANG: Monties hét G-E-E-S, ons het die S-P-A-N! Aan die begin van die jaar word 'n ondersteunersgroep saamgestel om op te tree tydens die Interhoër-byeenkomste. Alle graad 8-leerders vorm deel van hierdie groep sodat hulle somer vinnig deel van die Montie-stem kan wees. Leerders



neem graag hieraan deel en sorg vir hoendervleis-oomblikke en ware Montie-trots! Die geesgroep het hulle eie ereklerestelsel en hierdie aktiwiteit is nou 'n jaar-aktiwiteit wat by wintersport tuisbyeenkomste die spanne aanmoedig en ondersteun.

MONTIEPRET: Wanneer dit kom by Montiepret, het ons uit ondervinding geleer dat die kinders nié elke jaar op dieselfde manier P-R-E-T wil spel nie. Die graad 8's is altyd gretig om dit te doen wat die vorige jaar aangebied is, maar die res van die skool soek iets nuuts. Covid-19 het ongelukkig ons pret vir 2 jaar bederf. 2019 se Montieprettag het só gelyk: na drie akademiese periodes was dit tyd vir P-R-E-T!

P – Piekniek op die B-hokkieveld

R – Rinkink in die swembad

E – Eet 'n vleisie wat ons self gebraaai het

T – Twaalf-uur was dit tyd om huis toe te gaan.

Om 18:00 was almal terug by die skool – lekker uitgerus en opgetof vir die eerste sokkie in die nuwe, groot saal. Die ouers het heerlik om die braaivleisvure saamgekuier – dit was ook die amptelike inhuldiging van die nuwe saal en swembad. Montiepret 2019 was inderdaad P-R-E-T. Ons is gereed om hierdie jaar weer PRET in oorgawe te hê en elke jaar daarna!

FONDSINSAMELINGSFEES: Leerders wat mooi saamgewerk het tydens die fondsinsamelingsprojek, word na afloop van die Montieprettag beloon met 'n lekker aktiwiteit, bv. "foam party", neonpartytjie of selfs 'n fliek onder die sterre. Ligte, musiek en vriende is altyd die perfekte kombinasie vir 'n aand om nooit te vergeet nie.

SOKKIES: Hoërskoolleerders hou van musiek, dans en uithang met vriende – oftewel sokkie. Montie-sokkies is baie gewild onder die leerders en volgens hulle is daar hopeloos te min hiervan op die kalender.

SPORT

Ons poog om aan leerders die bête moontlike afrigting te bied in die verskillende sportdissiplines en maak daarom gebruik van spesialis buite-afrigters in verskeie sportsoorte. Afrigting vir alle dissiplines is gratis.

Ons bied nie prestasiebeurse aan om leerders te werf nie. Ons fokus op die ontwikkeling en vorming van die leerders wat kies om hier te wees, sodat hulle beste potensiaal bereik kan word - dit natuurlik met doelgerigte, harde werk. Finansiële ondersteuning word wel gebied aan leerders wat op provinsiale en nasionale vlak presteer. Ons sal ook geen leerder deelname ontse as gevolg van finansies nie.

Die Monties het die afgelope twee jaar beperke geleentheid gehad om aan sport deel te neem en is uitgehonger om weer hulle beste te gee op sportgebied. Daar is 'n sportsoort vir elke smaak:

Atletiek	Bergfiets	Cheerleading	Gholf	Hokkie	Jukskei
Krieket	Landloop	Netbal	Rugby	Sewe-aan-'n-kant-rugby	Ruitersport
Sagtebal	Skaak	Sokker	Swem	Tennis	Tafeltennis

SPORTHOOGTEPUNTE

ATLETIEK: Hoërskool Montana neem in 2022 vir die negende agtereenvolgende jaar aan hierdie strawwe A-bond interhoër deel. Montana behaal 'n sesdeplek en verseker ons plek in 2023 se A-bond. Die Monties het in 2018 die Noordvaal Bronsgroep gewen en neem gevolglik sedert 2019 aan die Superinterhoër se Silwergroep deel. Hierdie byeenkoms is jaarliks 'n groot hoogtepunt op die kalender. Nog 'n hoogtepunt van 2019 was die Monties se tweedeplek tydens die jaarlikse Top 10, waar ongeveer 90 skole van regoor die land deelgeneem het. Tydens die SA Kampioenskappe van 2021 verwerf die Monties twee goue, drie silwer en een brons medalje. Een atleet verwerf ook nasionale kleure en verteenwoordig Suid-Afrika by verskeie internasionale byeenkomste. Ons lewer weer in 2021 twee SA-kampioene op, wat dit vier verskillende SA-kampioene die afgelope paar jaar maak. Een van ons Monties verteenwoordig ook Suid-Afrika tydens die Jeug Olimpiese Spele van 2018 en behaal 'n uitstekende vierdeplek in die 3000m. Hierdie individuele prestasies is voorwaar iets waarop die Monties trots is, maar vir ons is die diepte van ons span ewe belangrik en die Montie-atlete word op die hande gedra.



BERGFIETS: Bergfiets is 'n kompeterende, individuele sportsoort wat gewild is onder seuns en dogters. Montana se bergfietsspan neem jaarliks met groot sukses deel aan die liga vir hoërskole. Die toewyding van elke spanlid van graad 8 tot matriek dra daartoe by dat ons verskeie jare reeds gekwalifiseer het om deel te neem aan die Nasionale Kampioenskappe. Monties Bergfiets was die afgelope 6 jaar onder die Top 10 skole in Gauteng. Geskiedenis is gemaak toe ons in 2019 derde in Gauteng-Noord geëindig het. Die Monties eindig in dieselfde



seisoen ook in 'n spoggerige negende plek by die Nasionale Spur Kampioenskappe, wat skole in Suid-Afrika en buurlande insluit.

Die bergfietsspan se professionele afrigter, die ervare mnr. Shaun-Nick Bester, word bygestaan deur 'n span entoesiastiese onderwysers en baie ondersteunende ouers. Monties het 'n span van 3 afrigters wat afwisselend Maandae tot Donderdae oefen. Amptelike oefentye by die skool is Dinsdae en Donderdae 14:20 – 16:00.

Die Gauteng North Cycling vir hoërskole bied vanaf Mei tot September 8 wedrenne aan, waaraan almal wat 'n fiets besit, mag deelneem en daarmee saam punte vir hul skool verwerf. Inskrywingsfooi beloop R150 per wedren.

'n Monties neem deel in 'n spoggerige Montana fietsryhemp. 'n Bergfiets oefenbaan op die skoolterrein word weekliks gebruik om tegniese vaardighede te bemeester. Leerders mag enige tyd gedurende die jaar by bergfiets aansluit. Monties Bergfiets het twee senior en twee junior wisseltrofee wat elk ook 'n kontantbedrag insluit. Leerders kan ook uitsien en hard werk vir hul half- en volle erekleure.

CHEERLEADING: Ons is baie trots op ons cheerleaders, wat jaarliks uitblink op vele terreine. Die cheerleaders ondersteun en help mekaar om in tegniek en vaardigheid te groei. In 2013 was ons die Nasionale Kampioene. Van 2016 se vierde plek het ons in 2017 die silwer beker huis toe gebring toe ons tweede eindig in die Nasionale Kampioenskappe. Montana het in 2018 twee Gauteng-cheerleaders, asook drie SA-cheerleaders opgelewer. In 2019 het twee leerders hul Gautengklere verwerf en, behalwe vir individuele prestasie, kry ons cheerleaders dit weer reg om weg te stap met Nasionale Kampioene se titel vir Co-ed Small. Ongelukkig was die 2020 cheerleading-seisoen kortgeknip weens die inperking. Met die Covid-pandemie kon daar geen cheerleading in 2021 plaasvind nie. Ons is nou weer volstoom besig en sal binnekort weer kan deelneem en wys tot watter suksesse ons in staat is. 'n Cheerleader het sekerlik die meeste uithou- en deurstellingsvermoë van enige sportsoort. Die leerders is passievol oor hul sport, hulle is doelgerig en aanvaar enige uitdaging en maak 'n sukses daarvan. Hulle sportmangees, vaardigheid, doelgeretheid en dissipline spreek van self. Wat 'n voorreg om deel te kan wees van 'n ongelooflike spansport. Cheerleading kan ook ná skool beoefen word en indien Gautengklere verwerf word, is insluiting in die SA-span ook moontlik.

GHOLF: Gedurende die eerste kwartaal word daar aan die President-trofee kompetisie deelgeneem. Dit is 'n uitklopkompetisie wat deur skole in en om Pretoria gespeel word. Ons neem ook deel aan die NWU-Prestigereeks. Gedurende die derde en vierde kwartaal word daar in die Pretoria-liga deelgeneem met verskeie spanne. Ons behaal jaarliks gemengde uitslae. Ons is opgewonde oor die nuwe junior spelers wat by ons aangesluit het en sien met verwagting uit na die 2022-seisoen.



HOKKIE: Die oomblik wanneer jy besef jy is omring deur jou spanmaats, opgewondenheid wat in golwe deur jou spoel, woordeloos oor die oorwinning wat in die doodsnikke van die wedstryd voor die opponente weggeraap is deur 'n korthoek, is die oomblik wat jy besef: hierdie is die essensie van hokkie! Die vinnige pas van hierdie sport is een van die redes waarom dit verslawend is om na te kyk en uitdagend om te speel – as jy daarvan hou om jouself na hoër hoogtes as ooit tevore te dryf! Dit is geen wonder dat hierdie sport eksponensieel groei nie. Dit stel hoë eise aan kundigheid en vereis tegniese vaardigheid wat slegs deur intensiewe oefening bereik kan word.

Om jou plek te verseker in een van die agt dogterspanne en vyf seunspanne, moet jy alles insit, want hokkie het gegroei tot een van Hoërskool Montana se gewildste sportsoorte. Wanneer 'n mens terugkyk na die 2021-hokkieseisoen en besef dat, met sestien hokkiespanne, Hoërskool Montana vir baie kinders geleentheid bied om aan die sportsoort van hul keuse deel te neem, voel ons trots. Die begin van ons hokkieseisoen was vir ons 'n hoogtepunt. Ons is baie opgewonde oor die nuwe ligte by ons astrobaan en die nuwe geleenthede wat dit gaan bied. Ons is trots dat ons seuns- en dogterspanne in die top ligas in Pretoria deelneem. Ons het goeie, kwaliteit afrigters, waarvan vier self nog provinsiaal hokkie speel en drie provinsiaal afrig. Monties hokkie sien uit om in die 2022-seisoen astronomiese hoogtes te bereik.

JUKSKEI: Jukskei is 'n unieke sportsoort, wat geen fiksheidskomponent vereis nie, maar wel goeie hand-oogkoördinasie en deurstellingsvermoë. Aan die begin van 2020 is die skool se jukskeibane opgegradeer, maar voordat ons dit kon benut, het Covid ons vooruitsig van 'n goeie jukskeijaar in die wiele gery. Vir twee jaar is daar geen skeie gegooi nie. Ons hoop dat ons hierdie jaar wel weer sal kan speel en ons hou duim vas vir goeie seisoen.

KRIEKET: Die krieket by Hoërskool Montana is steeds besig om te groei. Ons is baie trots op ons nuwe moderne krieketsentrum. Die skool spog met 16 krieketnette en 4 kolflaie, waarvan 4 van hierdie nete binnenshuis is in die nuwe sentrum. Ons krieketspelers kan nou dwarsdeur die jaar oefen, ongeag weersomstandighede. Ons speel drie kwartale van die jaar krieket. In die eerste kwartaal speel ons teen skole soos Waterkloof, Afrikaans Hoër Seuns, Menlopark, Centurion - om net 'n paar te noem. Ons speel ook in die Finsbury Superliga B-afdeling. Skole in dié reeks: Montana, Hans Moore, Midstream, Monument, Potchefstroom Gimnasium en Kemptonpark. Verskeie spanne gaan op verskillende toere gedurende Januarie en die wintervakansie. In die derde kwartaal is daar tien spanne wat aan die Northerns-liga deelneem; uitsluitend die dogters wat in die vierde kwartaal speel. Ons is ook die enigste skool in die noorde van Pretoria waar B-spanne ook die geleentheid kry om krieket in die eerste en derde kwartaal te speel. Ons seuns speel tussen dertig en vyf en dertig wedstryde per jaar, wat hulle baie geleentheid gee om hulle talente ten toon te stel. Ons skool het 'n toegewyde krieket-akademie waar seuns en dogters van die hoër- en laerskole die geleentheid kry om individuele afrigting te kan kry. By hierdie akademie het ons 'n groep baie bewaamde afrigters wat op verskeie vlakke by die Titans skolestrukture betrokke is.

LANDLOOP: By Hoërskool Montana is landloop beslis 'n sportsoort wat ons groep landlopers baie geniet. Dit is 'n spansport en dit gaan in die eerste plek nie oor hoe vinnig of hoe stadig jy hardloop nie, maar oor deelname. Landlopers en ouers kuier lekker saam tydens byeenkomste en ondersteun mekaar, dit betrek die hele gesin. Ons het gewoonlik 'n hele paar gazebo's wat opgeslaan word by byeenkomste om almal te kan akkomodeer en heerlik saam te kuier. Dit sluit hoërskool, laerskool en ouers in wat aan landloop deelneem.

Die hoogtepunt is gewoonlik ons oefenkamp gedurende die Julie-vakansie by Zwartkloof wildreservaat. Hier oefen ons nie net hard nie, maar neem aan 'n verskeidenheid aktiwiteite deel, soos om te sien hoe leeu's, tiere, luiperde, wildehonde ens. gevoer word. Daar word ook wildritte en aktiwiteite soos spanbou, hindernisbane, rotsklim en aandprogramme, ens. ingesluit. Ons neem ook met die oefenkamp ons graad 7-landloopatlete saam om hulle beter te leer ken. Alhoewel landloop die afgelope twee jaar, weens Covid, saam met die ander sportsoorte min geleentheid tot deelname gehad het, het ons in 2021 tog aan AGN-ligas deelgeneem. ASA het besluit dat getalle beperk moet word tydens die ASA Kampioenskappe, wat meegebring het dat net die top atlete gedurende die AGN Kampioenskappe gekies is om AGN of die ASA Kampioenskappe, wat in Amanzimtoti plaasgevind het, deel te neem. Tydens dié kampioenskappe het Montana se atlete puik gevaar en die ses atlete het top 10 plekke in SA behaal. Ons het ook laerskool-atlete wat reeds 'n aantal jare by Montana oefen. Ons moedige laerskool-atlete aan om reeds vroeg by ons in te skakel sodat hulle van jongs af kan ontwikkel en geleidelik tot hulle volle potensiaal kan ontwikkel, sonder om druk op hulle te plaas.



NETBAL: Monties netbal het in 2021 baie goed gevaar, na die 2020 Covid-stilstand. In 2021 kon slegs A- en B-spanne deelgeneem het (nadat skolesport vroeër die jaar weer opgeskort was). Ons neem deel in die Jubilee A-liga en het algeheel vierde geëindig, met AHMP eerste, Menlo tweede, Garsfontein derde en dan ons, voor Waterkloof en Eldoraigine. Een van die hoogtepunte in die liga was toe die Monties eerstespan in 'n geskiedkundige oomblik, vir die eerste keer ooit, AHMP se eerstespan in hulle ligawedstryd gewen het. Montana se 0/14, 0/15, 0/16 en eerstespan kwalifiseer ook om aan die Gauteng Kampioenskappe deel te neem. By dié kampioenskappe behaal ons spanne die volgende plekke in Gauteng: 0/14A - sesde plek, 0/15A - agtste plek, 0/16A tweede plek en eerstespan - vyfde. Die 0/16A-span kwalifiseer met hul tweede plek in Gauteng om na die South African Schools Netball (SASN) Kampioenskappe te gaan.



By dié kampioenskappe eindig hulle algeheel vyfde nasionaal, weereens 'n eerste, geskiedkundige prestasie vir 'n Montana netbalspan.

In die 2021-netbalseisoen het sewe Monties, die meeste nóg, hul Gautengkleure verwerf. Twee spelers word in hulle onderskeie ouderdomsgroepe opgeneem in die SA-oefengroep. Een leerder is ook vir die 0/17 SA-span gekies. Ons een afrigter, mnr. Dawie du Plessis was ook aangestel as een van Gauteng se 0/17-afrigters. Sy span het algeheel derde in SA geëindig.

FAST FIVE NETBAL: Weens Covid-19 inperkings kon die Monties ongelukkig nie in 2020 en 2021 hierdie gewilde sportsoort beoefen nie. Die Monties was slagereed om weereens te verbeter in die derdekwartaal Fast 5-liga. In die liga sou ons verseker meer spanne opgelewer het wat sou kwalifiseer om by die Gauteng-skole te kon gaan kragte meet. Ons was oortuig dat van ons spanne by die Gauteng-skole Fast 5 kampioenskappe sou deurdring na die daaropvolgende SASN kampioenskappe. Maar die Monties gaan lê nie sommer so maklik nie. Ons dogters het wel volgens wetgewing tuis gebly, in afsondering... maar elkeen het steeds aangehou droom en kliphard bly oefen. Hopelik kry ons hierdie jaar weer geleentheid om hierdie drome waar te maak.

2019 was Montana se tweede jaar in die baie gewilde Fast 5-liga. Dié liga word in die derde kwartaal gespeel. Ons het drie junior- en twee seniorspanne ingeskryf. Baie is geleer en aan die einde van die Tshwane-liga kwalifiseer drie van ons spanne, twee junior- en een seniorspan, vir die Gauteng Fast 5-uitspele. Dit was 'n belewenis om teen die bestes in

Gauteng te kon speel. Ons spanne het hulle waardig van hulle taak gekwyt en baie goed gevaar. Die 0/15B-span het algeheel vierde geëindig, waarmee hulle gekwalifiseer het vir die SA-skole Fast 5 Kampioenskappe. Die spannetjie, wat in die 0/15-ouderdomsgroep kompeteer, maar in werklikheid bestaan uit 0/14-dogters, het hulle voetsole afgespeel.

By die SA-skole Fast 5 Kampioenskappe eindig die 0/15B-span ook algeheel vyfde in SA - 'n merkwaardige prestasie vir dié span. Twee van ons dogters verwerf Gautengkleure en neem deel aan die SA-kampioenskappe ("All Ages"). Een van ons afrigters, mnr. Dawie du Plessis, het hier ook vir 'n sesde jaar 'n Gautengspan afgerig - dié span het algeheel tweede geëindig.

RUGBY: Rugby is 'n baie gewilde sportsoort by Hoërskool Montana en is 'n sport waarmee rekening gehou moet word. Montana neem deel aan die hoogs kompeterende NWU-Prestigereeks, maar ongelukkig het dit nie in 2021 plaasgevind nie. Slegs twee wedstryde is gespeel teen Die Anker en Ben Vorster, voordat skolesport weer gestop is as gevolg van Covid-regulasies. Die toere na Glenwood is noodgedwonge ook afgelas, tot almal se teleurstelling. Ons is bevoorreg om al ons afrigters te behou. Montana rugby is nie meer net 'n seisoengebonde sport nie. Kondisionering vind oor elf maande plaas en kondisioneringsprogramme word opgestel deur ons kondisioneringsafrigter, me. Zinja Campher en Bradley Engels. Die gimnasium en buitelug-gimnasium word tot volle kapasiteit gebruik. Hoërskool Montana is 'n baie gewilde keuse vir rugbyspelers en al hoe meer Cravenweekspelers kies om hulle talente verder by Montana te ontwikkel. Ons beskik oor uitstekende afrigters, onder andere menere Jan Cloete, Naas Rossouw, Morné Human en Jacques Muller. Vanjaar neem Montana weer deel aan die nuwe Plaatafdeling in die Noordvaal-reeks, as gevolg van Virseker wat sy borg onttrek het. Ons is baie opgewonde en sien uit na dié uitdaging, na die twee jaar wat Covid ons beperk het. Ons is trots op oud-Montie, Jooste Nel, wat vir Shimlas in die Varsity-beker speel.



RUITERSPORT: Die "Perdebyties" was in 2021, vir die twaalfde agtereenvolgende jaar, by die SANESA Gauteng-Noord prysuitdeling aangewys as D3-distrikswenners (2020 is nie in berekening gebring nie, omdat ruiters nie kon deelneem nie, weens die inperking). Die span het uit nege ruiters bestaan, waarvan vier ruiters SANESA Gauteng-Noordkleure vir die kern-liga behaal, en aan die Gauteng Kampioenskappe deelgeneem het. Twee van hierdie ruiters het verder provinsiale kleure behaal en aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe deelgeneem. Ons het ook drie ruiters wat Gauteng-kleure behaal het in Western Mounted Games, wat relatief onlangs deel geword het van die SANESA dissiplines. Ons sien uit om in 2022 weer ons beste te gee.



SAGTEBAL: Hoërskool Montana het as gevolg van Covid geen sagtebal deelname gehad in 2020 nie, en was onseker of ons wel in 2021 die geleentheid gegun sou word om ons wonderlike sport te kan beoefen. Die Tshwane-komitee het vir 2021 'n Covid-liga saamgestel om skole die geleentheid te bied om teen mekaar deel te neem. Die Monties het hulleself goed van hulle taak gekwyt. Die 0/14- en 0/15-spanne was onoorwon in die liga. Die IRT-toernooi het nie in 2021 plaasgevind nie, maar wel die "Summer Games", slegs vir 0/15-spelers. Drie dogters en een seun is gekies vir die Gautengspanne, wat aan die Summer Games deelgeneem het. Een afrigter is gekies as die 0/15 dogterspan-afrigter en 'n ander dien op die SA-skole Sagtebalraad tydens die Summergames. 'n Oud-Montie is gekies vir die SA 0/19-span, wat aan die wêreldkampioenskappe in Peru, Suid Amerika, gaan deelneem. Ons sien almal uit na 'n goeie 2022-sagtebalseisoen.

SEWE-AAN-'N-KANT-RUGBY: 2021 was 'n goeie jaar, met die 7's-seisoen wat wel kon plaasvind. Montana is weer genader om 'n toernooi aan te bied in 2021, waar ons 0/17-span die toernooi gewen het en ons 0/15-span in die finaal verloor het. Ons 0/17's het ook die Eldorainge en Sutherland toernooi gewen. Met afrigters Morné Human en Jan Cloete, as hoof van die sewe-aan-'n-kantprogram, sien ons geweldig uit na 2022 se 7's-seisoen. Ons is opgewonde oor die nuwe seisoen wat voorlê en die potensiaal is beslis daar om binnekort weer 'n Blou Bulspeler op te lewer.

SKAAK: Skaak het ontwikkel tot 'n geliefde, strategiese spel tussen leerders van alle ouderdomme. Die aard van die spel vereis intellektuele skerpheid en oplettheid. Skaak is 'n ongelooflike winsgewende tydsverdryf. Dit verbeter breinfunksie, geheue en kognitiewe vermoëns, strategiese denke en konsentrasie. Skoleskaak in 2022 bring nuwe uitdagings. Kom sluit aan by die Montie skaakspan. Maak die skuif!

SOKKER: Only a few friendly matches could be played in 2021. The players are excited for the 2022 soccer season and we are looking forward to a great season, great goals and big success.



SWEM: Die swembad is verseker 'n aanwinst vir die skool en ook die gemeenskap. Die Tuks-satelliet Swemklub en ons jaarlikse Montana Guppy Gala vir laerskole is verseker 'n aanduiding van hoe swem as sport in ons gemeenskap groei en verbeter. Swem is 'n baie kompeteerende sport en verg harde, toegewyde oefening en voorbereiding. Ons neem deel aan die B-liga swemafdeling, teen kompeteerende skole. Ons het hierdie jaar weereens tydens die interhoër bewys dat ons teen die beste kan kompeteer en die Monties nog groot hoogtes gaan bereik. Tydens die eerste kwartaal bied ons 'n tuis uitnodigingsgala aan, asook vriendskaplike galas, waar ons teen A-liga skole kompeteer. In die vierde kwartaal neem ons deel aan afslotalas, wat baie opwindend is. Oefening vind plaas drie dae per week in seisoen, onder die leiding van twee bekwame afrigters en 'n gemotiveerde organiseerder. Die swemklub by die skool gee geleentheid vir die skoolswemmers, asook swemmers van die gemeenskap, om swem as sport te bevorder. Daar word gedurende die wintermaande 'n af-seisoenprogram gevolg, wat die swemmers die geleentheid gee om nogsteeds in oefening te bly.

Ontwikkeling is vir ons belangrik en ons wil juis tydens die af-seisoen leerders wat hul swemvaardighede en waterveiligheid wil verbeter, die geleentheid gee om by die swemprogram in te skakel. Ons neem ook deel aan oopwater-swemgeleenthede deur die jaar, wat baie lekker sosiale geleenthede bied vir ons swemmers. Ons oopwater begin ook resultate lewer en hierdie jaar het ons drie swemmers wat aan die SA-Oopwater Nasionale Kampioenskappe gaan deelneem. Verskeie swemmers neem deel aan die Tweekamp ('Biathle') wat deur die swemklub aangebied word. Hulle presteer besonders goed en kan verseker dopgehou word in die toekoms. Daar is verskeie klubswemmers wat deelneem aan NTS-streekskampioenskappe, wat bydra tot die bevordering van Montana se swem. Ons het ook vier swemmers wat deelgeneem het aan die 2022 Gauteng Skole Kampioenskappe en ons hoop om in die toekoms meer deelname van swemmers aan hierdie kampioenskappe te hê om ook 'n lid in die Gauteng-span te verseker! Ons is baie gelukkig met die vordering en groei van swem by Hoërskool Montana. Ons Monties is opgewonde oor die toekoms van swem en weet dat met elke huidige en toekomstige swemmer se entoesiasme, positiwiteit, deursettingsvermoë en goeie sportmangees gaan Monties swem nuwe, hoër hoogtes bereik. Vir meer inligting kontak me. L van Niekerk by lvanniekerk@hsmontana.co.za.

TAFELTENNIS: Die Monties tafeltennisspanne sien uit na 'n nuwe seisoen, veral met die oog op deelname in al drie die A-, B- en C-ligas. Ons is ook opgewonde om weer hierdie jaar onder die leiding van ons afrigter, mnr. Danie Olivier, nuwe vaardighede aan te leer. Hy het al aan die SA Kampioenskappe deelgeneem en die Gauteng-Noordspan verteenwoordig.

TENNIS: Ons is baie dankbaar dat 2022 se tennisjaar volstoom kon afsluit na twee jaar van baie onsekerheid en min oefentyd, as gevolg van Covid-19. In hierdie tyd het mens besef hoe kosbaar spansport en ons spelers se deelname is en ons het vreeslik daarna uitgesien om terug te keer na die sogenaamde "normaal". Die proewe en ligawedstydte het sommer vroeg-vroeg in die jaar begin en die opwindende onder die spelers, om weer op die tennisbaan rondom mense te wees, is tasbaar. Ons bane is ook vol spelers tydens oefeninge en dit maak ons opgewonde. Ons sien ook baie uit om weer, vir die eerste keer in drie jaar, gedurende Julie-maand te toer en weer deel te neem aan die NWU-Prestigereeks, wat reeds om die draai is. In die laaste twee jaar het die deelname 'n bietjie afgeneem en kon ons nie al ons spanne vir die liga inskryf nie, maar ons is trots om te sê dat ons spanne hierdie jaar tot oorlooptoe toe vol is! Ons sien geweldig baie uit na die res van die tennisseisoen en ons weet sommer dat ons spanne goed gaan presteer!



VERRYKING

Monties kry jaarliks geleentheid om aan 'n verskeidenheid aktiwiteite deel te neem ten einde in totaliteit te ontwikkel en te groei. Ons is trots op die baie goeie prestasies wat ons leerders jaarliks in verskillende dissiplines behaal.

WETENSKAP EKSPLO: Monties is innoverend en geniet die blootstelling aan ekspo's. Leerders kry geleentheid om buite die boks te dink. 2020 en 2021 het geen ekspo's plaasgevind nie, a.g.v. die Covid-19 inperkings. In 2019 het tien Monties aan die Noord-Gauteng Wetenskap Ekspo by die Universiteit van Pretoria deelgeneem en baie goed gevaar. Die Monties het die toekennings ingeryg: een meriete, vier brons, twee silwer en een goue medalje, waarvan een Montie deurgedring het na die Nasionale Wetenskap Ekspo. Dié ekspo bied vir ons leerders die geleentheid om nuwe vriendskappe te smee, asook om hulle 'n voorskyn van universiteitslewe te gee. Die Noord-Gauteng Wetenskap Ekspo vind hierdie jaar op 19 en 20 Augustus by Universiteit van Pretoria plaas. Daar is elke jaar nuwe idees en nuwe planne. Dit maak ons opgewonde vir die toekoms! 'n Oud-Montie, Simon Scholtz, het met sy ekspo-projek "Renewable energy from speed bumps" in sy graad 10-jaar (2013) 'n goue medalje verwerf, hy het twee prestige-toekennings ontvang en is uitgenooi na die "Geniuses Expo" in Amerika, waar hy 'n goue medalje verwerf het. Simon is in 2019 uitgenooi om Suid-Afrika te verteenwoordig by die 2019 Stockholm International Youth Science Seminar, om sy navorsing oor dieselfde projek, te deel met die afgevaardigdes van die ander lande. By hierdie geleentheid is hy gekies om by Ericsson se hoofkantoor op te tree saam met twee van die Nobelprysweners in Chemie. Cailin Champion was in 2019 gekies om Suid-Afrika in Indonesië te verteenwoordig by die 2nd Indonesian International Invention Festival 2019. Sy het in Augustus 2018 deelgeneem aan die Wetenskap Ekspo, wat by UP plaasgevind het. Daar het sy 'n goue medalje ontvang vir haar projek "Sunflower Solar Tracker" en deurgedring na die Nasionale Ekspo, wat in Desember 2018 plaasgevind het. Cailin was een van slegs twee Suid-Afrikaners wat gekies was om die land te verteenwoordig by dié geleentheid. Wie sou ooit kon dink dat 'n hoërskool ekspo-projek sóveel deure sou oopmaak!

PRAKTIESE WERK: Praktiese lesse is 'n doeltreffende manier om die inligting in die handboek meer verstaanbaar en logies te maak. Baie leerders onthou ook makliker die praktiese werk, en daarom word daar jaarliks só begroot dat soveel as moontlik praktiese lesse aangebied kan word. Veral in die Wetenskapklasse (Fisies- en Lewenswetenskappe) het die leerders baie pret tydens hierdie klasse. Die Monties geniet die praktiese lesse ongelooflik baie.

SLAM POETRY: An informal event where learners can express their personal stories and struggles in an avant-gard rhyme form. Each year the audience is awed and amazed by the learner's creative ability to write and perform original pieces. Our annual Poetry Slam takes place during Term 3 and will once again join forces with the English Evening to bring the audience a night filled with drama and suspense.

LEWENSWETENSKAP OLIMPIADE: Leerders kry geleentheid om hul kennis in die wetenskappe te toets. Altyd 'n groot lekkerte en uitdaging.

WÊRELDKENNIS OLIMPIADE: Die Monties kry jaarliks geleentheid om deel te neem aan die Wêreldkennis Olimpiade. Hulle algemene kennis word tot die uiterste beproef. 30 Leerders het in 2021 aan die olimpiade deelgeneem en ons beoog om vanjaar daardie getal te oorskry. Die Monties is altyd opgewonde om hulle kennis in verband met algemene sake te toets.

BYEKORF: Ons bied geleentheid vir Monties om hulle skryftalent te ontwikkel binne ons eie korf. 'n Redaksie word saamgestel om artikels te skryf vir die Byekorf-blad, wat in die middel van die jaar gepubliseer word. Kursusse word van tyd tot tyd aangebied om leiding te gee, denkwyses te vernuut en nuwe vaardighede aan te leer. Monties se Byekorf het in 2018 die vyfde plek behaal in die Beeld Skolekoerantkompetisie. Ons Byekorf is 'n glansprodukt waarop ons baie trots is en kan ook aanlyn op die skool se webtuiste besigtig word.

VASVRA-KOMPETISIES: Hoërskool Montana het verskeie spanne wat aan verskillende maandelike vasvra-kompetisies deelneem. Die Monties is baie kompetend en vaar goed. Ons poog om jaarliks vir hierdie leerders so veel as moontlik geleenthede te bied om hulle staal te wys.

JUNIOR STADSRAAD: Een VLR-lid uit graad 10, 11 en 12 word jaarliks verkies tot die Junior Stadsraad. Hulle verteenwoordig die skool saam met ander skole se lede en vorm die skakel tussen die stadsraad en skole om verskeie aksies te loods. Ons is elke jaar trots op ons verteenwoordigers, wat hul baie goeie van hul taak kwyt.

MONTIES GEE OM: 'n Verskeidenheid projekte word deurlopend geloods waar ouers en leerders die geleentheid kry om 'n verskil te maak. Montieharte klop warm en Monties gee graag, want Monties gee werklik om. Ons glo dat dit is deur te gee wat 'n mens ontvang.

MONTIES MOTIVEER MEKAAR: Borde met positiewe slagspreuke van die leerder se keuse word op die terrein aangebring waar dit sigbaar is vir medeleerders. Almal het soms 'n af-dag en hierdie spreuke help om dinge weer in perspektief te sien en 'n slegte dag weer hoopvol te benader.

LEERDERONDERSTEUNING

Ondersteuning is beskikbaar aan leerders ten opsigte van studiemetodes, asook emosionele ondersteuning deur twee professionele praktisyns.

In graad 9 lê leerders Junior Aanlegtoetse af, asook 'n uitgebreide belangstellingstoets, ten einde hulle in staat te stel om 'n ingeligte vakkeuse te maak vir graad 10. Hierdie toetse is gratis en ouers ontvang terugvoer.

EKSTRA KLASSE is vir alle vakke beskikbaar en word Woensdae direk na skool, of soos deur die vakonderwyser gereël, gratis vir alle leerders aangebied.

STUDIEMETODEKLASSE word gratis vir leerders aangebied.

Drie woorde wat beskryf hoekom ek 'n gelukkige Montie is, is Christelik, Trots en Integriteit. Christelik, want ons volhard opreg en ons is baie nederig oor al ons prestasies. Integriteit, want ons gee nie voor wie ons nie is nie.

- MELISSA MEIRING

DISSIPLINE

Ons glo dat gedissiplineerde kinders gelukkige kinders is en daarom is dissipline by Hoërskool Montana **ononderhandelbaar**. Ons beskik oor 'n dissiplinêre beampte om onderwysers by te staan om gehoor te gee aan ons Gedragskode. Die dissiplinêre stelsel funksioneer uitstekend.

LEIERSKAP

Volwasse leierskap is by Hoërskool Montana gesetel in die Skoolbestuur, die Beheerliggaam en ondersteunende komitees. Dit funksioneer baie effektief en dra by tot die positiewe ervaring by Hoërskool Montana.

Leerderleierskap vind erkenning in die amptelike VLR, waar ampsdraers bestaan uit hoofleiers, onderhoofleiers en komiteevoorsitters.

Leierskap word bevorder deur leierontwikkelingsgroepe vir elke graad te identifiseer en op te lei deur die Leierinstituut.

NUWE GRAAD 8'S

'n Besige verwelkomingsprogram word in die eerste week gevolg om die graad 8's behoorlik tuis te laat voel in Montieland. Die senior VLR-lede hanteer die program en dit is geensins vernederend of afbrekend van aard nie. Die graad agts geniet dié week terdeë!

Dit sluit onder andere die volgende in:

- Eerste dag in Montieland met laerskoolklere en kaalvoet – om die laerskoolstof af te spoel. Die VLR bepaal die ander "bybehore" en voorkoms-instruksies.
- Graad 8-inligtingsboekie
- Graad 8-atletiekbyeenkoms
- Graad 8-swemgala
- Graad 8-spanbou
- Graad 8-oueraand en sosiale funksie
- Groentjekonsert
- Eers na afloop van die groentjekonsert mag leerders hulle volwaardige amptelike Montana skooldrag dra en kan die laerskoolkouse, wat tot nou toe deel was van hul skooldrag, weggegooi word.

Nou is die nuwe graad 8's volwaardige Monties wat gereed is om die akademie, sport en kultuur met ywer aan te pak.

Elke graad 8-leerder ontvang 'n gratis Montiehemp vanaf die Beheerliggaam.

Die nuwe tradisies in die hoërskool (onder andere die Montie Tydkapsule en Montie Eresirkel waar slegs graad 8's slotte mag aanhaak), laat elkeen spesiaal voel. **Dis L-E-K-K-E-R om 'n Montie te wees!**



OUERBETROKKENHEID

Montie-ouers het geleentheid en word genooi om betrokke te raak by die verskillende Beheerliggaamkomitees. Die komitees funksioneer uitstekend met die breinskrag, idees en inisiatief, betrokkenheid en vaardighede van die betrokke ouers en nuwe lede is altyd welkom.

Huidige Beheerliggaamkomitees en hul werksaamhede:

FINANSIES & DEBITEURE	Fokus op gesonde bestuur van die skool se finansies en invordering van skoolgeld
TERREIN EN INFRASTRUKTUUR	Fokus op onderhoud en ontwikkeling van die skool se terrein en infrastruktuur
BUIE-KURRIKULÊRE ONTWIKKELING: SPORT	Fokus op die ontwikkeling en bevordering van sport by die skool
BUIE-KURRIKULÊRE ONTWIKKELING: KULTUUR	Fokus op die ontwikkeling en bevordering van kultuur by die skool
SOSIAAL & OUERSKAKEL	Fokus op leerderbelange in die breë en sosiale funksies by die skool
DISSIPLINE	Hanteer dissiplinêre sake
BEMARKING/BEELDBOU	Fokus op 'n goeie naam en beeld van die skool en die bevordering daarvan, en fondsinsamelingsprojekte
UITGEKONTRAKTEERDE DIENSTE	Hanteer alle uitgekонтakteerde dienste wat aan die skool gelewer word
REGSAANGELEENTHEDE	Hanteer alle regsverwante aangeleenthede van die skool

Die onderwysers se passie vir hul vakke moedig mens aan om te WIL prestee. Die verskeidenheid sport- en kultuuraktiwiteite wat aangebied word, help om ons karakter te ontwikkel. Daar is hope geleenthede waardeur ons onself kan leer ken. Hoërskool Montana se aanmoediging en bystand vir elke leerder is fantasies en dit alles dra by dat ek 'n gelukkige Montie is.

- GENÉ JOUBERT

Ek is 'n gelukkige Montie omdat ek elke geleentheid gebruik en die beste daarvan maak.

- NERIZE DE BEER

Kontakbesonderhede: Tel: 012 548 0160 | Faks: 012 548 1856 | Webtuiste: www.hsmontana.co.za

Adres: H/v Dr. Swanepoel & Sedsedweg, Montana, Pretoria | www.facebook.com/hsmontana

PUREMONTANA